OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

20c Monday 16 July 1979 WINDHOEK Maandag 16 Julie 1979 No. 3996

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICE:

No. 111 Notification of a Request that a Farm Road be Proclaimed: District of Gobabis 306

GENERAL NOTICE:

No. 15 Municipality of Swakopmund: Restriction on Number of Dogs on Premises in Municipal Area 307

Advertisements: 309

INHOUD:

Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. 111 Bekendmaking van 'n Versoek dat 'n Plaaspad Geproklameer Word: Distrik Gobabis 306

ALGEMENE KENNISGEWING:

No. 15 Munisipaliteit van Swakopmund: Beperking van Honde per Perseel in Munisipale Gebied..... 307

Advertensies: 309

Government Notice

The following Government Notice is published for information.

J. F. GREEBE
Secretary for South West Africa

Administration of South West Africa
Windhoek

No. 111 16 July 1979

NOTIFICATION OF A REQUEST THAT A FARM ROAD BE PROCLAIMED: DISTRICT OF GOBABIS

Under section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Gobabis requests that a road in the district of Gobabis be proclaimed as described in the Schedule hereto, and that it be recommended to the Executive Committee that the said road be declared a farm road.

A sketch-map (number P1041) of the area concerned and on which the road to which the request refers and other proclaimed, minor and private roads in that area

Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. F. GREEBE
Sekretaris van Suiwes-Afrika

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek

No. 111 16 Julie 1979

BEKENDMAKING VAN 'N VERSOEK DAT 'N PLAASPAD GEPROKLAMEER WORD: DISTRIK GOBABIS

Kragtens artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Gobabis versoek dat 'n pad in die distrik Gobabis geproklameer word soos in die Bylae hieronder beskryf, en dat by die Uitvoerende Komitee aanbeveel word om genoemde pad tot plaaspad te verklaar.

'n Sketskaart (nommer P1041) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaat-

are shown shall for the full period of thirty days mentioned hereunder be available for inspection during normal office hours at the office of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Gobabis.

Every person having any objection to the above request is hereby commanded to lodge his objections in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek 9100, within thirty days of 16 July 1979.

SCHEDULE

From a point (F on sketch-map P1041) on the farm Wesselsput Oos 758 generally south-eastwards across the farms Wesselsput Oos 758 and Moedhoop 655 to a point (G on sketch-map P1041) on the last-mentioned farm; thence generally south-westwards across the farms Moedhoop 655 and Appelblaar 654 to a point (H on sketch-map P1041) on main road 58 on the last-mentioned farm.

paaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Direkteur van Paaie, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Gobabis, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 16 Julie 1979 by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek 9100, in te dien.

BYLAE

Van 'n punt (F op sketskaart P1041) op die plaas Wesselsput Oos 758 algemeen suidooswaarts oor die plase Wesselsput Oos 758 en Moedhoop 655 tot op 'n punt (G op sketskaart P1041) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen suidweswaarts oor die plase Moedhoop 655 en Appelblaar 654 tot op 'n punt (H op sketskaart P1041) op grootpad 58 op laasgenoemde plaas.

General Notice

(No. 15 of 1979)

MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND: RESTRICTION ON NUMBER OF DOGS ON PREMISES IN MUNICIPAL AREA

Notice is hereby given that the Town Council, Swakopmund Municipality, in terms of regulation 16 of the Regulations for the Control of Dogs in Municipal Areas promulgated under and by virtue of Government Notice 131 of 1968 as amended, restricts the number of dogs on any premises in the Municipal Area of Swakopmund to two (2) per premises.

W. M. VAN NIEKERK
Town Clerk.

Algemene Kennisgewing

(No. 15 van 1979)

MUNISIPALITEIT VAN SWAKOPMUND: BEPERKING VAN HONDE PER PERSEEL IN MUNISIPALE GEBIED

Dit word hierby bekend gemaak dat die Raad van die Munisipaliteit van Swakopmund kragtens Regulasie 16 van die Regulasies op die Beheer oor Honde in Munisipale Gebiede, uitgevaardig by Goewermentskennisgewing 131 van 1968, soos gewysig, die getal honde op enige perseel in die Munisipale Gebied van Swakopmund beperk tot twee (2) honde per sodanige perseel.

W. M. VAN NIEKERK
Stadsklerk.

Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not

Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 109, Administrasie-gebou, Windhoek,

later than 4,30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are inserted in the *Official Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Official Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

6. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

7. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

8. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

9. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

10. The subscription for the *Official Gazette* is R10,40 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.B. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Windhoek. The Suidwes-Drukkery, Limited, P.O. Box 2196, Windhoek, at the price of 20 c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

Type	*Charge*
1. Transfer of business	R3,25
2. Sale in execution — Supreme Court	R5,20

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 11 is at the rate of 45 c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

The under-mentioned applications for Public Road Carrier Permits indicate (1) reference number and the area within which the proposed road transport will be undertaken, (2) name of applicant and nature of application, (3) number and type of vehicles, (4) nature of proposed road transportation, and (5) points between and routes over or area within which the proposed road transportation is to be effected or published in terms of

afgelewer word, nie later nie as 4,30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Offisiële Koerant*, al na die Sekretaris goedvind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

7. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

8. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

9. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing ten die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

10. Die jaarlikste intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R10,40 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 20 c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

Tipe	*Tarief*
1. Oordrag van besigheid	R3,25
2. Regsveilings — Hooggeregshof	R5,20

12. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 11 genoem word, is teen die tarief van 45 c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

Die onderstaande aansoeke om Openbare Padvervoerpermitte, met aanduiding van (1) verwysingsnommer en gebied waar die beoogde vervoer onderneem sal word, (2) naam van applikant en aard van aansoek, (3) getal en tipe voertuie, (4) aard van beoogde padvervoer, en (5) plekke waartussen en roetes waaroor of gebied(e) waarin die beoogde padvervoer sal plaasvind, word kragtens die bepalings van artikel 14(1)

section 14(1) of Act 74 of 1977 : Road Transportation Act, 1977. Representations or information in respect of the applications which interested parties wish to make must comply with the provisions of regulation 4(1) of the Road Transportation Regulations, 1977 and must be submitted in quadruplicate in respect of each application.

790514 OP 31 — S.W.A. (2) Road Bulls (Pty) Ltd. — Khomasdal; Eerste aansoek (3) Een leunwa van 27 ton aangekoop te word (4) Boumateriaal (5)(i) Binne Suidwes-Afrika (5)(ii) Vanaf plekke geleë binne die Republiek van Suid-Afrika na plekke geleë binne Suidwes-Afrika.

790205 OP 27 — OSHAKATI/ONDANGWA/GROOTFONTEIN (2) Barclays Nasionale Bank Bpk. — Ondangwa; Nuwe aansoek (3) SBA 77 — bus — 12 sitplekke (4) Blanke en Owambo werknemers (klerke) en persoonlike bagasie asook geld. (5) Tussen Oshakati, Ondangwa en Grootfontein.

790528 OP 42 — CAPRIVI (2) L. Hofmeister — Katima Mulilo; Bykomende magtiging (3) Een vragmotor van 18 050 kg; Een vragmotor van 9 500 kg; een vragmotor van 7 970 kg. en vier vragmotors van 12550 kg. elk. (4)(a) Alle soorte goedere. (5)(a) Binne die Caprivi. (4)(b) Eie goedere (alle soorte) vir konstruksie doeleindes asook olie, smeermiddels, alle motoronderdele, buite- en binnebande. (5)(b) Vanaf Katima Mulilo na Walvisbaai en Windhoek en terug.

790521 OP 46 — KOMBAT (2) Tsumeb Corporation Ltd. — Kombat; Additional authority/Amendment of route/Amendment of timetable and/or tariffs (3) ST 3500 — Bus — 49 passengers (4) Own employees and dependants of Kombat Mine free of charge for shopping and schooling purposes. (5) From Kombat to Grootfontein, Otavi en Tsumeb and return.

790604 OP 47 — WINDHOEK (2) P. C. van Wyk — Khomasdal; Vervanging van voertuig (3) SW 49562 — motor — 6 persone (4) Bantoe en Kleurling huurmotorpassasiers en hulle persoonlike bagasie. (5) Binne die munisipale gebied van Windhoek.

790605 OP 48 — KEETMANSHOOP (2) W. J. Botes — Keetmanshoop; Vervanging van voertuig (3) SK 3371 — leunwa — 21 000 kg. (4) Diesel vir Trek Petroleum in massa. (5) Vanaf Keetmanshoop na plekke geleë binne Keetmanshoop-, Mariental-, Maltahöhe- en Bethanie landdrosdistrikte vir aflewering aan boere, landboukontrakteurs en boukontrakteurs in bogrondse tenks alleenlik.

790607 OP 49 — S.W.A. (2) S.W.A. Safaris & Anvo (Pty) Ltd. — Windhoek; Replacement of vehicle (3) SW 27662 — motor car — 5 passengers & SW 32857 — Bus 9 passengers (4) and (5) As per the attached annexure.

van Wet 74 van 1977 : Wet op Padvervoer, 1977 gepubliseer. Vertoë of inligting in verband met die aansoeke wat belanghebbendes aan die raad wil rig moet aan die bepalings van regulasie 4(1) van die Padvervoerregulasies, 1977 voldoen en moet in viervoud ten opsigte van elke aansoek ingedien word.

A

The conveyance of not more than ..... White persons (including the driver) and their personal effects by means of the motor vehicle described in this public road carrier permit and which has been chartered for a group of persons travelling together for the purpose of attending or taking part in a picnic or any competition or game — From Windhoek or Walvis Bay on Saturdays, Sundays or public holidays to points — Within South West Africa (excluding Owambo as fully set out in annexure C to Government Notice Nr. 2428 dated 29 December 1972) and return.

The authority defined above is subject to the following conditions that:

(i) Once the vehicle has been chartered for a specific tour the holder of this public road carrier permit shall not be allowed to sell vacant seats on the vehicle for that tour;

(ii) Apart from the conveyance authorised in this public road carrier permit, the holder thereof shall not make known generally whether by means of a notice published in a newspaper or in any other manner his intention to undertake a particular journey over any particular route; and

(iii) All persons shall be returned to the point of commencement of the tour.

B

1. Not more than .... white persons (including the driver) and their personal effects on tours and their safari equipment — From Windhoek and Walvisbay to points within South West Africa (excluding Owambo as set out in annexure C to Government Notice Nr. 2428 dated 29 December 1972) and return.

2. White tourists and hunting parties together with their personal luggage, safari equipment, personal effects and trophies — From J. G. Strijdom Airport to game farms within South West Africa (excluding Owambo as fully set out in paragraph 1 above) and return or to Eros Airport if guests choose to visit game farms by plane.

The conveyance authorised herein is subject to the following conditions that:—

1. No additional persons shall be picked up at any point other than the starting point of each route as prescribed above and no persons shall be set down en route except as provided for in condition 2 below.

2. All persons shall be conveyed back to the point of embarkation except in case of a person who wishes to discontinue a tour at any place en route in order to proceed further on a tour to a place beyond the borders of South West Africa.

790608 OP 50 Khorixas (2)I. Hangero — Khorixas; Eerste aansoek (3) Een kombi vir 9 persone aangekoop te word (4) Nie meer as agt huurmotorpassasiers en hulle persoonlike bagasie. (5)(a) Tussen punte geleë binne Khorixas. (5)(b) Tussen plekke geleë binne Damaraland en Khorixas dorp.

790611 OP 53 — WALVISBAAI (2) J. Khakhani — Kuisebmond; Vervanging van voertuig (3) CWB 2165 — motor — 5 passasiers & CWB 2893 — motor — 5 passasiers (4)(a) Nie meer as 6 Nie-blanke persone en hulle persoonlike bagasie en voedsel vir eie gebruik; (5)(a) Binne die munisipale gebied van Walvisbaai. (4)(b) Nie meer as vyf Bantoe huurmotorpassasiers en hulle persoonlike bagasie nie. (5)(b) Binne die munisipale gebied van Walvisbaai.

790612 OP 55 — (2) Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens — Windhoek; Bykomende voertuig (3) SASMT 15160 — dubbeldoelvoertuig — 8 persone en 10 000 kg. (4) Blanke, Bantoe en Kleurling persone oor 'n bepaalde busroete asook goedere alle soorte. (5) Oor alle bestaande goedgekeurde padvervoerdiensroetes soos per goedgekeurde bylae "A".

790612 OP 56 — KATUTURA (2) I. S. Nambahu — Katutura; Bykomende magtiging (3) SW 28558 — motor — 6 persone (4) Bantoe huurmotorpassasiers en hulle persoonlike bagasie. (5) Binne die muninisipale gebied van Windhoek.

790613 OP 57 — S.W.A. (2) H. C. Coetzee — Karasburg; Vervanging van voertuig (3) SB 558 — vragmotor — 18 150 kg. (4) Gruis, klip, sand en pype vir administrasie padboudoeleindes. (5) Binne Suidwes-Afrika.

790615 OP 59 — GROOTFONTEIN/KATIMA MULILO (2) J. C. Jooste H/A Jannie Jooste (Edms) Bpk. — Grootfontein; Bykomende magtiging (3) SF 3314 — vragmotor — 11 060 kg; SF 2750 — v/m — 15 050 kg; SF 1871 — sleepwa — 13 236 kg; SF 2937 — sl/wa — 16 236 kg; SF 110 — leunwa — 13 200 kg; SF 2815 — leunwa — 12 720 kg. (4)(a) Brandstof in grootmaat vir aflewering in ondergrondse tenks te Katima Mulilo sowel as olie in 210 liter dromme namens regeringsdiens van Oos Caprivi ingevolge 'n geldige kontrak soos toegestaan deur die Tenderraad van Suidwes-Afrika. (5)(a) Vanaf Grootfontein na Katima Mulilo. (4)(b) Brandstof in grootmaat namens die Ontwikkelings Korporasie van die Caprivi in gevolge 'n staande kontrak. (5)(b) Vanaf Grootfontein na Katima Mulilo.

790615 OP 61 — OWAMBO/S.W.A. (2) J. C. Jooste H/A Jannie Jooste (Edms) Bpk. — Grootfontein; Bykomende magtiging (3) SF 908 — leunwa — 37500 kg. en SF 2411 — leunwa — 44 955 kg. (4) & (5) Soos per die aangehegte bylae "A".

A

1. Algemene goedere, insluitende, maar nie beperk tot ploeë, trekkers, deurrame, vensterrame, sement, kruiwaens, staal, industriële masjiene, sinkplate, landboukalk, bemestingstowwe, saad, hout, mieliemeel, heel mielies, kantoortoerusting, spaardele en spaarparte, binne- en buitebande, vurke, grawe, besproeiingspype en voorafvervaardigde staalstrukture namens die Regeringsdiens van Oos Caprivi in gevolge 'n geldige kontrak soos toegestaan deur die Tenderraad van Suidwes-Afrika —Vanaf Grootfontein na Katima Mulilo.

2. (a) Bokke Hout namens die Regeringsdiens van Oos Caprivi in gevolge 'n geldige kontrak soos toegestaan deur die Tenderraad van Suidwes-Afrika;

   (b) Landbou produkte namens die Ontwikkelings Korporasie van die Caprivi ingevolge en kragtens 'n geldige kontrak:— Vanaf Katima Mulilo na Grootfontein.

3. Mielies namens die Ontwikkelings Korporasie van die Kavango ingevolge en kragtens 'n geldige kontrak — Vanaf Shadikongoro, Doiriku, Musese sowel as Vungu-Vungu na Otavi.

4. Oliesaadprodukte namens die Ontwikkelings Korporasie van die Kavango ingevolge en kragtens 'n geldige kontrak — Vanaf Shadikongoro, Doiriku, Musese sowel as Vungu-Vungu na Omaruru.

790615 OP 62 — OWAMBO/S.W.A. (2) J. C. Jooste H/A Jannie Jooste (Edms) Bpk. — Grootfontein; Bykomende magtiging (3) Nege leunwaens van 25 000 kg. elk. (4) & (5) Soos per die aangehegte bylae "A".

A

1. Algemene goedere, insluitende, maar nie beperk tot ploeë, trekkers, deurrame, vensterrame, sement, kruiwaens, staal, industriële masjiene, sinkplate, landboukalk, bemestingstowwe, saad, hout, mieliemeel, heel mielies, kantoortoerusting, spaardele en spaarparte, binne- en buitebande, vurke, grawe, besproeiingspype en voorafvervaardigde staalstruk-

ture namens die Regeringsdiens van Oos Caprivi ingevolge 'n geldige kontrak soos toegestaan deur die Tenderraad van Suidwes-Afrika — Vanaf Grootfontein na Katima Mulilo.

2. (a) Bokke Hout namens die Regeringsdiens van Oos Caprivi in gevolge 'n geldige kontrak soos toegestaan deur die Tenderraad van Suidwes-Afrika;

   (b) Landbou produkte namens die Ontwikkelings Korporasie van die Caprivi ingevolge en kragtens 'n geldige kontrak: — Vanaf Katima Mulilo na Grootfontein.

3. Mielies namens die Ontwikkelings Korporasie van die Kavango ingevolge en kragtens 'n geldige kontrak — Vanaf Shadikongoro, Doiriku, Musese sowel as Vungu-Vungu na Otavi.

4. Oliesaadprodukte namens die Ontwikkelings Korporasie van die Kavango ingevolge en kragtens 'n geldige kontrak — Vanaf Shadikongoro, Doiriku, Musese sowel as Vungu-Vungu na Omaruru.

790615 OP 63 — REHOBOTH (2) M. Eichab — Rehoboth; Bykomende voertuig met nuwe magtiging: (3) Een kombi van 9 persone aangekoop te word (4)(a) Bykomende magtiging: Blanke-, Bantoe-, Asiaat- en Kleurling huurmotorpassasiers en hulle persoonlike bagasie. (5)(a) Binne Rehoboth munisipale gebied. (4)(b) & (5)(b) Bestaande magtiging soos per die aangehegte bylae "A".

"A"

1. Nie meer as 9 (nege) Nie-Blanke persone (drywer ingesluit) op *bona fide taxiritte nie asook hulle persoonlike bagasie:—*

(a) Binne die Nie-Blanke woonbuurt geleë oos van Rehoboth dorp;

(b) Binne Rehoboth dorp;

(c) Vanaf plekke geleë binne die Nie-Blanke woonbuurt (geleë oos van Rehoboth dorp) na plekke geleë binne Rehoboth dorp;

(d) Vanaf plekke geleë binne Rehoboth dorp na plekke geleë binne die Nie-Blanke woonbuurt geleë oos van Rehoboth dorp;

(e) Vanaf plekke geleë binne Rehoboth dorp en plekke geleë binne die Nie-Blanke woonbuurt geleë oos van Rehoboth dorp na Rehoboth spoorwegstasie; en

(f) Vanaf Rehoboth spoorwegstasie na plekke geleë binne die Nie-Blanke woonbuurt (geleë oos van Rehoboth dorp) en plekke geleë binne Rehoboth dorp.

Tariewe:
Soos ooreengekom.
Tydtafel:
Op aanvraag.

790611 OP 66 — S.W.A. (2) Industriële Mineraalontginningskorporasie (Edms) Bpk. — Uis; Bykomende voertuig (3) SFA 798 — Bus — 26 sitplekke (4) & (5) Soos per die aangehegte bylae "A".

"A"

1. Eie werknemers, hulle gesinne en hulle persoonlike bagasie ten einde inkopies te doen — Vanaf Uis na Usakos, Windhoek, Swakopmund en Walvisbaai en terug indien geen vergoeding vir sodanige vervoer bereken word nie.

2. Skoliere wat gesamentlik reis om 'n kamp, piekniek, konsert of ander vermaaklikheid by te woon of om 'n godsdienstige byeenkoms by te woon of vir opvoedkundige doeleindes of om gesamentlik aan een of ander wedstryd of spel deel te neem asook hulle toesighouers en persoonlike bagasie — Vanaf Uis na plekke geleë binne Suidwes-Afrika en terug indien geen vergoeding vir sodanige vervoer bereken word nie.

3. 'n Geselskap persone wat gesamentlik reis om 'n godsdienstige byeenkoms by te woon of om gesamentlik aan een of ander wedstryd of spel deel te neem asook hulle persoonlike bagasie, indien geen vergoeding vir sodanige vervoer bereken word nie — Vanaf Uis na plekke geleë binne Suidwes-Afrika en terug na Uis onderhewig aan die voorwaarde dat die persone wat op die terugreis vervoer word ook op die heenreis vervoer is en verder dat die terugreis binne 48 (ag en veertig) uur, na voltooiing van die heenreis, 'n aanvang neem.

4. Skoolgaande kinders van die houer van hierdie padvervoerpermit se eie werknemers indien geen vergoeding vir sodanige vervoer bereken word nie — Vanaf en na die skool wat hulle bywoon te Otjiwarongo, Swakopmund, Usakos en Windhoek na en vanaf Uis.

5. Nie meer as 681 (ses honderd een en tagtig) kilogram massa per enkel rit nie van die houer van hierdie openbare padvervoerpermit se eie goedere wat dringend benodig word vir die inbedryfhouding van die houer se mynbedrywighede te Uis — Vanaf Windhoek, Otjiwarongo, Usakos en Swakopmund na die houer se eie *bona fide* plek van besigheid te Uis.

6. Eie onderdele wat benodig word vir die onmiddellike *bona fide* herstel van masjinerie of werktuigkundige installasies wat defek geraak het en wat

weens dringende omstandighede spoedeisend herstel moet word, uitgesluit aflewering aan enige besigheidsperseel ter aanvulling van voorrade — Vanaf Windhoek, Otjiwarongo, Usakos en Swakopmund na die houer van hierdie openbare padvervoerpermit se eie *bona fide* plek van besigheid te Uis.

7. Hierdie magtiging dek geen vervoer binne die gebied van Owambo, soos in paragrawe 2 en 3, soos omskryf in bylae C tot Goewermentskennisgewing nr. 2428 van 29 Desember 1972.

LOST LIFE ASSURANCE POLICIES

(Section 64 of the Insurance Act, Act No. 27 of 1943, as amended)

Notice is hereby given that evidence of the loss or destruction of the policies mentioned below has been submitted to the Assurer, and any person in possession of any of these policies, or claiming to have any interest therein, should communicate immediately by registered post with the Assurer. Failing any such communication, certified copies of the policies (which will be the sole evidence of the contract) will be issued to the owners in terms of the regulations framed under the Act.

VERLORE LEWENSVERSEKERINGSPOLISSE

(Artikel 64 van die Versekeringswet, Wet No. 27 van 1943, soos gewysig)

Kennis geskied hiermee dat bewys van die verlies of vernietiging van die polisse hieronder vermeld, aan die Versekeraar gelewer is, en enige persoon wat in besit van enige van hierdie polisse is, of aanspraak daarop maak dat hy belang daarby het, moet onmiddellik per aangetekende pos met die Versekeraar in verbinding tree. By gebreke aan sodanige mededeling sal gewaarmerkte afskrifte van die polisse (wat die enigste bewys van die kontrak sal wees aan die eienaars ingevolge die regulasies gepromulgeer kragtens die Wet uitgereik word.

Polisnommer Policy Number	Datum van polis Date of policy	Versekerde bedrag Sum assured	Versekerde Lewe Life Assured	Eienaar, indien nie die Versekerde Lewe nie. Owner if other than Life Assured.
783735	01.05.72	R6 000,00	M. S. ENGELBRECHT	

Name and address of Assurer: AFRICAN EAGLE LIFE ASSURANCE SOCIETY LTD. P.O. BOX 1114 JOHANNESBURG 2000

Naam en adres van Versekeraar: AFRICAN EAGLE-LEWENSVERSEKERINGSGENOOTSKAP BEPERK POSBUS 1114 JOHANNESBURG 2000

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS

TENDERS ARE INVITED FOR THE UNDERMENTIONED SUPPLIES, SERVICES OR DISPOSALS

All tenders should be submitted on the appropriate departmental tender forms and should except where otherwise indicated, be addressed to the Chairman, Railway Tender Board, P. O. Box 7784, Johannesburg, 2000 or be deposited in the tender box, Room 404, Santambank Centre, c/o Plein and Rissik Streets, Johannesburg, not later than 09h00 on the closing date of the respective tenders.

CATERING DEPARTMENT

Tender documents are obtainable from:

The Passenger Superintendent, and the Bedding and Laundry Foreman, S.A.R., Windhoek.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS

TENDERS WORD VIR DIE ONDERGENOEMDE LEWERANSIES, DIENSTE OF VERKOPE GEVRA.

Alle tenders moet op die toepaslike departementele tendervorms ingedien word en tensy anders vermeld, moet dit gerig word aan die Voorsitter, Spoorwegtenderraad, Posbus 7784, Johannesburg, 2000 of nie later nie as 09h00 op die sluitingsdatum van die onderskeie tenders in die tenderbus, Kamer 404, Santambanksentrum, h/v Plein- en Rissikstraat, Johannesburg, geplaas word.

VERVERSINGSDEPARTEMENT

Tenderdokumente is verkrygbaar by:

Die Passasiersuperintendent, en die Beddegoed- en wasseryvoorman, S.A.S., Windhoek

The Catering Manager, P.O. Box 6140, Johannesburg, 2000.

Die Verversingsbestuurder, Posbus 6140, Johannesburg, 2000.

Tender No.	Aard van leweransies, dienste of verkope Nature of supplies, services or disposals	Sluitingsdatum Closing date
V.D. 986	Vleis/Meat — Windhoek	1979-07-27

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Kennis geskied hiermee dat na veertien dae vanaf datum hiervan aansoek gedoen word by die Handelslisensiehof vir die Distrik van Rehoboth vir die oordrag van die volgende handelslisensies naamlik:

Algemene Handelaar, Tabak by kleinmaat, Varsprodukte en Medisyne, tans gehou deur Mnr. W. J. van Wyk, wie handel dryf as GOLDEN STAR SELFHELPMARK op Erf 198 Block A aan mev. M. E. SCHABIG, wie voortaan onder dieselfde naam en styl en op dieselfde perseel handel sal dryf vir haar eie rekening.

GETEKEN TE WINDHOEK HIERDIE 6DE DAG VAN JULIE 1979.

ANDRÉ LOUW & KIE
Prokureurs vir Applikant
3de Vloer Sanlamgebou
Bülowstraat
WINDHOEK

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat na verstryking van 'n periode van 14 dae vanaf verskyning hiervan — CORNELIUS JOHANNES ZONDAGH van voorneme is om by die Handelslisensiehof vir die Distrik Mariental aansoek te doen om die Algemene handelaar en patente medisyne lisensies waaronder hy besigheid doen onder die naam NAMALAND WINKEL oor te dra aan HENRY HELLEN BOSHOFF wie die besigheid sal voortsit op dieselfde perseel vir sy eie voordeel onder die naam NAMALAND WINKEL.

GEDATEER TE MARIENTAL OP DIE 28STE DAG VAN JUNIE 1979

J. K. ROUX
Prokureur vir die Partye
Drieboomstraat,
Posbus 300,
MARIENTAL

MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS

SKUTVENDUSIE

Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 29 van die Munisipale Skutregulasies (G.K. 108/1944), dat die ondergenoemde diere deur die Skutmeester geskut op 22 Junie 1979, per publieke veiling verkoop sal word by die SLAGPLAASKRALE, op MAANDAG, 23 JULIE 1979, om 10h00 tensy dit voor genoemde datum gelos word.

2 Bruin Switserse Koeie

J. A. v. d. Merwe
Skutmeester
Gobabis
3 Julie 1979

D. & N. MOTORS (EIENDOMS) BEPERK (ONDER VRYWILLIGE LIKWIDASIE.) AANSTELLING AS LIKWIDATEUR.

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikel 375 (5) (b) van die Maatskappywet 1973 dat Mnr. H. J. Liebenberg van Posbus 566, Keetmanshoop aangestel is as Likwidateur van die bogemelde Maatskappy deur die Meester van die Hooggeregshof, Aanstellingsbrief no. W 14/79 gedateer 5 Junie 1979.

H. J. LIEBENBERG
Posbus 566
101 Sanlamgebou,
KEETMANSHOOP

SLAAN VAN BOORGAT

Kennis van voorneme om twee boorgate te slaan op Boerdery-eenheid 6, Windhoek Dorpmeent. Wes van Pionierspark tussen Daan Viljoen en Kupferberg hoofpaaie.

7000 Kubieke meter per jaar vir veesuiping sal onttrek word.

Besware binne 14 dae by Direkteur van Waterwese ingedien te word.

L. MOSTERT